WISKUNDIGE GELETTERDHEID VRAESTEL 1 NOVEMBER 2009

Vraag 1

In 1.1.1 kon kandidate nie vereenvoudig nie. Hulle het gedink dat een van die kante van die verhouding 1 moet wees.

In 1.1.2 het kandidate verkeerd afgerond. Hulle het nie die instruksies van die vraag gelees nie.

In 1.1.3 het kandidate nie die beginsel van BODMAS korrek toegepas nie.

In 1.1.4 het kandidate met omskakeling gesukkel. Hulle het gedeel i.p.v. om te vermenigvuldig.

In 1.1.5 het kandidate verminder i.p.v. vermeerder. Hulle het nie die instruksies gelees nie.

In 1.2.2 was terminologie 'n probleem. Hulle het die woorde *hoogs waarskynlik* i.p.v. *verseker* of *100%* gebruik.

In 1.2.3 was afronding tot die naaste 5 'n groot probleem vir kandidate. Hulle het gedink hulle moet afrond tot die hoogste veelvoud van 5 = 440.

In 1.3.1 het kandidate gesukkel om te onderskei tusse *kosprys* en *verkoopprys*. Die vraag is die swakste deur kandidate beantwoord. Kandidate het ook vergeet dat as daar met geld gewerk word, moet daar tot twee desimale afgerond word.

In 1.3.2 was daar kandidate wat nie geweet het 'n dosyn is = 12 nie. Hulle het die waarde 6 gebruik.

Vraag 2

In 2.1.4 was daar 'n probleem omdat kandidate die formule verander het.

Verdere probleme het ontstaan met area, lengte en volume. Hierdie vrae is baie swak beantwoord.

Kandidate kon ook nie reg afrond nie.

Oor die algemeen is die vraag egter goed beantoord.

Vraag 3

In 3.1.3 was afronding weereens 'n probleem.

In 3.2.2 het kandidate gesukkel om te onderskei tussen die terme *telling* en *frekwensie*. Hulle het ook nie geweet hoe om telling aan te dui nie.

In 3.3 het kandidate nie die begrip *minimum area* verstaan nie. Hulle het toe gedeel i.p.v. vermenigvuldig. Van die kandidate het ook die 1,6 gekwadreer.

Vraag 4

'n Paar kandidate het nie hulle diagramvelle ingesluit nie en daardeur 15 punte verbeur. Dit moet aan hoofopsieners genoem word. Die diagramvelle moet net voor die agterblad in kandidate se antwoordboeke gesit word.

Die meeste kandidate kon die grafiek teken, maar daar was diegene wat nie die korrekte punte kon plot nie en gevolglik nie 'n reguitlyn gekry het nie.

Die meeste kandidate kon vanaf die grafiek of tabel lees.

Vraag 5

Die vraag is baie goed beantwoord. Die volgende punte is egter waargeneem:

- Sommige kandidate verstaan nie *stygende volgorde* nie.
- Kandidate rond antwoorde af, al word dit nie verlang nie.
- Kandidate laat eenhede uit of gebruik die verkeerdes.
- Kandidate lees nie die instruksies oor afronding nie.

Vraag 6

Die meeste kandidate het gesukkel met 6.1.4. Die gegewe grafiek was klein en kandidate het gesukkel om dit akkuraat te teken.

Wanneer groot getalle gebruik word, begin kandidate verkeerdelik van komma's gebruik te maak. Kandidate met sekere sakrekenaars moet geleer word om nie die komma's soos op die sakrekenaar te gebruik nie, bv. 1,203,407.

In 6.2.1 het heelwat kandidate gesukkel om te onderskei tussen *verhouding* en *breuke*.

Vraag 7

Kandidate het gesukkel met die vraag. Die volgende punte is waargeneem:

- Kandidate kon nie ontbrekende waardes bereken nie.
- Kandidate kon nie formules reg gebruik nie. Hulle moet by hulle skole geleer word om formules korrek op te los.
- Kandidate kon nie rigtings bepaal nie (Suid-Oos of Noord-Wes).
- Kandidate het dit moeilik gevind om afstande op 'n kaart te bereken.
- Kandidate kon nie met 'n skaal werk en dit dan omskakel nie.